Navrae
Enquiries M.E. ERASMUS
IMibuzo

Telefoon
Telephone (021) 467-2765
IFoni

Faks
Fax (021) 467-2996
IFeksi

Verwysing
Reference 2/4/B
ISalathiso

Wes-Kaap Onderwysdepartement

Western Cape Education Department

ISebe leMfundo leNtshona Koloni

OMSENDBRIEF: 0056/2001

AAN:

ALLE HOOFDIREKTEURE, DIREKTEURE, HOOFDE VAN SUBDIREKTORATE EN AFDELINGS VAN DIE HOOFKANTOOR, AREA- EN KRINGBESTUURDERS, ADMINISTRATIEWE HOOFDE VAN AREAKANTORE, VAKADVISEURS EN HOOFDE VAN ALLE ONDERWYSINRIGTINGS

## EENVORMIGE SKRYFWYSE VAN DATUM EN TYD

1. Die eenvormige internasionale numeriese skryfwyse van datum en tyd wat deur die Internasionale Standaarde-organisasie (ISO) by wyse van die Internasionale Standaarde-tydskrif, ISO van 1988, gepubliseer is, is reeds geruime tyd in gebruik.

2. In die internasionale arena vergemaklik standardisering die uitruil van inligting tussen lande en die toepassing van die ISO voorstelle soos kortliks hieronder omskryf kan help om foute en verliese wat uit misverstande mag ontstaan te voorkom.

3. Die numeriese skryfwyse waarna hierbo verwys word, behels, onder andere, die volgende:

3.1 Die dag van die maand word voorgestel deur twee syfers (bv. 01). Die eerste dag word voorgestel deur 01 en daaropvolgende dae van dieselfde maand word in stygende volgorde genommer (02, 03, ens). Net so word die maand self deur twee syfers verteenwoordig (bv. 01) terwyl die jaartal se vier syfers gebruik word (bv. 2001). Die basiese formaat vir die datum is soos volg:

Jaar-maand-dag (2001-01-01).

3.2 Die vorige, ongestandaardiseerde skryfwyse, bv. *2/2/99* vir *2 Februarie 1999*, is in die 21ste eeu problematies. Die korrekte en eenvormige toepassing van die ISO-skryfwyse (d.w.s. 2001-01-01) skakel die soort onsekerheid uit. Waar woorde en

file
Garden
2001-05-10



syfers egter gebruik word in die voorstelling van datums, is dit in orde om *2 Februarie 2001* te skryf.

3.3 Ure word voorgestel deur twee syfers (van 00 tot 24), terwyl minute voorgestel word deur twee syfers (van 00 tot 59), bv. 08:10 (tien oor agt in die oggend), en 21:45 (kwart voor tien in die aand ). Vir die meeste gebruike sal ure en minute voldoende wees, alhoewel sekondes ook bygevoeg kan word indien nodig (bv. 21:45:35).

3.4 By die aanduiding van tyd moet daarop gelet word dat die ure en minute geskei word deur 'n dubbelpunt (:), en nie deur die h-simbool nie. Kwart oor drie in die middag is dus nie 15h15 nie, maar 15:15. Hierdie voorstelling is met ander woorde in ooreenstemming met die tydsaanduiding op syferhorlosies.

3.5 Die voorstelling van middernag kan na gelang van 'n gegewe tyd of datum op een van die volgende wyses geskied:

00:00 (die begin van 'n dag)
24:00 (die einde van 'n dag)

4. 'n Beroep word op u gedoen om die skryfwyse soos hierbo uiteengesit na te volg waar dit ook al in u werksaamhede geskryf, gedruk of vertoon word.

5. Die inhoud van hierdie omsendbrief moet onder die aandag van alle belanghebbendes gebring word.

6. Enige navrae oor die inhoud van hierdie omsendbrief kan gerig word aan:

| | | |
|---|---|---|
| Mnr. E.N. Sylvester | : | (021) 467-2766 |
| Me. M.E. Erasmus | : | (021) 467-2765 |

7. Dankie vir u vriendelike samewerking.

wnd. **HOOF: ONDERWYS**
**DATUM:** 2001-05-05